# Ruach Bediening Nuusbrief

Oktober 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ........ 1
2. Gebedsterapie sessies in Oktober 2024 ........ 2
3. Getuienisse ........ 3
4. Sommer net 'n paar gedagtes ........ 3
   a. WATERS van RUS ........ 3
   b. Ek besluit, vandag wil ek luister ........ 4
   c. Een Maandag ........ 6
5. So terloops ........ 7
   a. Liewe Sake van die hart ........ 7
   b. Waarheid .... ........ 7
   c. Soms wonder ek ........ 7
6. Beplanning vir volgende maande ........ 8
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ........ 8
8. Bybelskool ........ 9
9. Afsluitings Gebed ........ 9


## 1. Gedagte vir die maand

I Petrus 2:2

en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,




**DIT GAAN ALTYD SLEGS MET 'N BEDRUKTE MENS**

Ek wil jou BEMOEDIG met hierdie woord. Ons leer in Spreuke 15:15 dat dit altyd sleg gaan met n bedrukte mens, maar dat 'n blymoedige mens se lewe 'n fees is. In Spreuke 17:22 staan weer dat 'n verslae en 'n gebroke gees die bene laat uitdroog (siek maak), maar dat 'n vrolike hart genesing bevorder.

Toksiese gedagtes vergiftig 'n mens en maak 'n mens se lewe hel!

Weet jy wat was Paulus se geheim terwyl hy vir sy vonnis gewag het?




Ons gesindhede beïnvloed ons hele persoonlikheid. Ons kan nie altyd kies wat met ons gebeur nie, maar self besluit en self kies wat ons gesindheid in bepaalde situasies gaan wees. Die GEHEIM van 'n GOEIE GESINDHEID lê daarin dat ons ons verstand met goeie dinge moet vul. Dus NIE OP TOKSIESE GEDAGTES MOET BROEI NIE!

Eerder ons verstand met gedagtes moet vul, wat waar, rein en mooi is. Ons moet dus ons gedagtes vul met die goeie en mooi dinge in die lewe. Dit was Paulus se geheim toe hy gewag het op sy vonnis en dit kan ook ons geheim wees in ons daaglikse stryd. Ons moet vir 'n slag ons gesindheid ondersoek en kyk na die dinge wat ons met ons verstand " inneem"! - op watter gedagtes ons broei - positiewe of negatiewe gedagtes. Dalk is dit nodig om " anders te dink" - toksiese gedagtes te vermy! Filippense is een van Paulus se tronkbriewe. Ten spyte van sy slegte omstandighede was hy positief, want hy het die regte "mindset" gehad.

Bid gerus saam: - Hemelse Vader, Dankie dat U vir ons in die Bybel riglyne gee oor hoe om met 'n positiewe gesindheid te leef. Ons loof en prys U daarvoor. Amen

*(Rossi Rossouw - Onvervalste melk - 1 Petrus 2:2)*







**2.** Gebedsterapie sessies in Oktober 2024

| | |
|---|---|
| 37 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 3 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 33 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 5 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 18 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 18 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 114 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: Ek wil ook net vandag sê baie dankie vir wat julle doen. Ek sien gereeld hoe dit mense se lewens aan raak. Ons waardeer julle. Wees SO geseend. 🩶

**Getuienis 2:** Dankie aan julle en vir jul werk, wat ewigheidswaarde het!



**Getuienis 3:** Baie Baie Dankie vir al Oom en Tannie se hulp!! Oom en Tannie Sal nooit weet hoeveel dit vir my beteken nie! Ek Sal vir Oom en Tannie enige iets doen! Enige Tyd Skree net! Maak nie saak hoe groot die klip in jou pad is nie… Baie Lief vir Oom en Tannie♡

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. WATERS van RUS

- Onrus en oorlog lê reg voor ons deur.
- 'n Brullende leeu is losgelaat oor die ganse wêreld heen.
- Ons baklei oor alles ...
- Niks nuut nie - sou JESUS sê.
- Kyk twee duisend jaar terug en word wys.
- Romeine, Grieke, Jode en selfs die Christelike kerk van die eerste eeu baklei oor allerlei 'waarhede'.
- Dawid verruil die groen weivelde vir die troon,
- Petrus, die teenwoordigheid van Christus, vir twyfel en verloëning as die diensmeisie hom konfronteer.

EN DAN BREEK DIE MENSDOM SE WAARHEID ... ONS KAN ONSSELF NIE VERTROU NIE.

**1 PETRUS 5:1-11 (AFR 83)**

1. As mede-ouderling en getuie van die lyding van CHRISTUS en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan:
2. Pas die kudde van GOD, wat aan julle toevertrou is, goed op. Hou toesig oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos GOD dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid;
3. Ook nie deur baas te speel oor dié wat GOD aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees.
4. En dan, wanneer die OPPERHERDER kom, sal julle die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang.
5. En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "GOD weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."
6. Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van GOD, sodat HY julle kan verhoog op die tyd wat HY bestem het.
7. Werp al julle bekommernisse op HOM, want HY sorg vir julle.
8. Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende



leeu, op soek na iemand om te verslind.

9. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.
10. GOD, wat alle genade gee en wat julle geroep het, om in CHRISTUS JESUS deel te hê, aan SY ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.
11. Aan HOM behoort die krag tot in ewigheid! Amen.



**WAT KIES JY?**

Die vraag is vanmôre: WAT KIES JY?
Die betroubare BELOFTES van GOD wat jou nooit sal verlaat of versaak nie,
Of
VREES wat in jou eie boesem kom lê?
KIES JESUS.
HY wis meer as wat ons ooit sal verstaan.
HY bied uitkomste wat verstom.
Selfs in SY nood het SY hantering van doodsoordeel en kruisiging 'n wêreld verstom.
Die kerk van SY tyd, Farrisieër en Hoëpriester, Skrifgeleerdes en Dissipels moes van beter geweet het.
PYN en LYDING is die voorportaal van VREDE.
HY SOU VERRYS EN HÉT - NA WATERS VAN RUS.

*(Faceboek – Innes Benade)*

## b. Ek besluit, vandag wil ek luister

Ek het hierdie woorde geleen dit het aan my hart gevat met n yester greep....
Ek kom vanoggend so 07:15 by die werk, sluit my werkswinkel oop en dank my Hemelse Vader vir die werkswinkel, gesondheid en omdat ek SY vrede en vreugde ervaar.

Die eerste kliënt kom vinnig nader en klim uit sy motor met 'n Wimpy koffie in sy hand en kla dis nie meer die koffie van ouds nie. 'n Ander persoon wat ek ken kom van die slaghuis af opgestap met 'n pakkie vleis en al kouende aan sy biltong grom-groet hy so asof dit 'n stryd is om te lewe.

Ek besluit vandag wil ek luister en ek het goed geluister…

Dit is nou 18:00, en ek wil jou vertel wat ek vandag gesien en ervaar het.

Ouens met baie geld kla oor pryse wat te hoog is. Die biltong man sê daar is amper geen vleis op die rakke nie. Die ander ou kla oor ou brood en 'n ander oor 'n koue hamburger wat hy wil vat en in Steers se manager se dinges wil opdruk. My suster kla oor haar CD speler wat skoongemaak moet word en dit kos R 80-00 wat sy nie kan betaal nie, want sy het nie geld nie.



Ek vertel jou kortliks wat ek vanoggend gesien en ervaar het. Die mense kla en kla en ek wens hierdie klakouse met wie ek net vandag te doen gehad het, kon sien en ervaar wat ek vroegoggend gesien het – ek wonder waaroor hulle dan sou kla. Terwyl die ou oor sy koue hamburger kla, vang my oog 'n ou kleurling wat in die slaghuis se vullis sakke krap. Die ou krap tussen die sakke en ek hou hom dop. Hy krap iets uit, ruik daaraan, hap en sluk sonder om te kou. Ek stap nader na hom.

"More", groet ek. "Wat is jou naam?"

“My naam is Abraham my lanie” antwoord hy.

“Nou wat doen jy so vroeg hier tussen die ou vrot goed ou Abraham?”

“Ek is honger my lanie.”

“Maar ou Abraham, die goed is vrot.”

“Ek weet my lanie, maar die Jere het nog nie vandag vir my ‘n ietsie afgegooi nie, maskien Hy is kwaad vir my.”

“Ou Abraham, hoekom vra jy nie vir geld as jy iets wil koop om te eet nie?”

“Ek het my lanie, maar daardie man” (en hy wys na die biltong eter,) “hy het my amper netnou gaslaan, hy sê ek moet voetsek!”



“Hoe oud is jy Abraham?”

“78 my lanie.”

“Waar bly jy Abraham?”

“Daar bo teen die berg” (Dis 8 km).

“En jou mense, ou Abraham?”

“Net my vrou bly by my, mar sy bene kan nie meer werk nie nou kan sy nie uit die huis kom nie”.

“Kry jy oumens pension, Abraham?”

“Nee my lanie, nog nie, maar Mandela sal nog plan maak, so ek wag maar!”

Abraham se broek is nie meer ‘n broek nie – sy skoene het nie sole nie en daar is iets aan sy lyf wat dalk lank terug ‘n hemp kon gewees het. Ek vra in my binneste ‘Here, wat nou?’ maar ek kry geen antwoord nie, ek hoor niks.

“Ou Abraham, ek dink regtig nie die Here het van jou vergeet nie.”

“Ja my lanie.”

Die ou oë is glasig en dof, sy kop hang al vooroor soos hy jare lank al probeer om naby hom te sien. Die vullis wa trek in om die vullis te verwyder, en die manne verskreeu ou Abraham.

“Waarnatoe gaan jy nou, ou Abraham?”

“Ek gaan brood soek om huis toe te vat my lanie – ek het klaar ‘n kannetjie vir die water.”

Ou Abraham het ‘n glimlag om sy geplooide mond. “As my lanie wil kan ek ‘n besem bestuur en die plek mooi skoon vee vir ‘n stukkie brood.”

Ek dink by myself: ‘Is dit nou U HERE wat deur Abraham praat?’

“Ou Abraham, is jy seker jy het ‘n liksens om die besem te bestuur?”

“Ja my lanie, my vrou het dit vir my gagee toe sy bene siek geword het.”

"Dis goed so Abraham, die mense jaag jou oral maar vandag het die HERE jou 'n groot werk gegee – jy is van vandag af die 'General Manager' van die besems; jy is die Baas van die besems; hierdie besems gaan vir jou koffie gee in die plek van water. 'n Manager moet ook mooi skoon aantrek en 'n geldjie hê vir die ou vrou by die huis. Ek sien jy is 'n man wat vir ons nog baie in die toekoms gaan leer oor die lewe, ou Abraham"

"Kan ek elke dag inkom my lanie?"

"Ja Abraham, want Vrydae kry die Besem Managers 'n lekker Wimpy ontbyt en Besem Managers werk net van 8 – 11, want Besem Managers het tyd nodig vir hulle siek vrouens."

"Is reg so my lanie, ek sien nou die Jere het 'n ander plan gahad vadag en ampor dink ek Hy het my en die ou vrou gavageet. Jammer Jere omdat ou Abraham nie reg vastaan het nie."

Ek is die Here my God vandag so dankbaar vir iemand wat nie oor biltong kla nie, iemand wat nie oor leë rakke in die vleismark kla nie, iemand wat nie oor koue hamburgers en koffie kla nie. Ek is my Vader so dankbaar dat Hy ou Abraham nie vergeet het nie. Doen my, jouself en ander 'n guns – en probeer net een dag niks kla nie, want ou Abraham was vandag vir my so 'n groot inspirasie. 'n 78 jarige half blinde man met toiings aan sy lyf wat nog steeds glimlag!!!!!!!!!!

En ek sê met trots – vandag het ek 'n waardige, my beste ooit, besembestuurder gekry!

Die Here is vir ons so goed en as ek voel dit druk, kyk ek na my besembestuurder en ek weet – ek het mos niks om oor te kla nie…



## c. Een Maandag

Een Maandag kry ñ man sy dominee in die dorp.

"Dit was ñ baie goeie preek wat u gister oor die Hemel gehad het" sê hy "maar u het nooit vir ons gesê waar die Hemel nou eintlik is nie"

"Het ek nie?" vra die dominee, "dan sal ek jou sommer nou daarheen beduie. Sien jy daardie woonstelblok?"
Die dominee wys na ñ verwaarloosde gebou op die hoek van die straat, "In woonstel nomner elf is ñ gesin wat baie swaar kry. Gaan koop vir hul ñ pakkie vleis, brood en melk. Neem dit vir hulle en sê dat jy dit in Jesus se Naam bring"

"Vra ook of jy vir hulle Psalm 23 kan lees en vir hulle kan bid. As jy dit gedoen het en jy voel of jy nie in die Hemel was nie, sal ek jou elke sent terugbetaal wat jy spandeer het"

Die volgende dag klop die man aan die pastorie se deur.

"Dominee," sê hy met ñ stralende gesig "ek was gistermiddag in die Hemel en ek wil u net graag bedank dat jy my daarheen gestuur het.

Ek besef nou dat die Hemel nie net ñ plek is waarheen die Here se kinders eendag sal gaan nie, maar dat ñ mens reeds Hemelse vreugde op aarde kan hê!"

"Kom binne" nooi die dominee hom in
"Ek wil jou ñ teksvers wys, wat ek in my beursie bêre."
"Dis die padkaart na Hemelse vreugde"
Op die kaartjie wat die dominee uithaal, is Spreuke 11vers 25:
"Wie ñ ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê, wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is"

"Dis baie waar" sê die besoeker, terwyl hy dit in sy nota boekie skryf.
"Toe ek gister die arme mense se vreugde oor ñ bietjie kos sien, het my beker van vreugde oorgeloop!"

**GIVE without Remembering and RECEIVE without Forgetting!**

## 5. So terloops ....

### a. Liewe Sake van die hart

Hallo, dis ek Thabo. More ek gaan so by my kerk praat en ek noem hom: Muskiet Spray.

Nou kyk dit is summer en die muskiete hulle byt ons baie dan ons kan nie slaap nie. Nou omdat ons is moeg van nie slaap nie, ons is cranky met almal - by die werk met jou vrou en kinders. Dan almal sê: Eish, daai man het nie die mooi hart nie. Nou gaan by Shoprite en koop die muskiet spray wat hulle weghou dan jy gaan lekker slaap en jy sal nie weer cranky wees nie.

Dit gaan by ons lewe ook so as Jesus is nie by jou hart nie. Jy baklei met almal. Jy doen net die lelike goed en die Devil hy laaik dit baie en smile baie.

Nou julle vra: Thabo. Hoe ons kan die mooi en goeie hart kry sodat Jesus happy met ons gaan wees?

Nou ek smile mooi die golgate smile en sê: Net soos julle by Shoprite die muskiet spray gekoop het om die muskiete weg te hou, vra die Man by die wolke om jou muskiet spray te wees om die Devil weg te hou. Vra Jesus om jou te beskerm teen die daaglikse challenges. Lees jou Bible. Doen en dink die goeie goed. Help mense wat sukkel. Moenie vloek, gamble en die lelike goed doen nie.

Dan die Devil hy gaan sê. Eish. Daai man het Jesus se muskiet spray oor hom.

Shap Shap - Van Thabo

### b. Waarheid ....


Iets wat ek raak gelees het en soveel waarheid inhou.........

Vandag is die dag om gelukkig te wees.
Daar is geen enkele dag beskikbaar as net maar vandag om voluit te lewe,
om bly en tevrede te wees nie .......
Gister is ons kwyt en môre moet nog kom
Vandag is die enigste dag wat jy in jou hande mag hou.
Maak daarvan die beste dag
*********************************

### c. Soms wonder ek

Soms wonder ek oor sekere dinge en Google help nie altyd nie….

As 'n skildpad sy dop verloor, is hy kaal of haweloos?
As 'n persoon doof gebore is, is hy kaal of haweloos?
As 'n kamera se lens sirkelvormig is, hoekom is die fotos reghoekig?
As die Flintstones in die steentydperk afspeel, hoekom vier hulle Kersfees?
As jy sê jy't soos 'n baba geslaap, beteken dit jy het elke paar ure huilend wakker geword om bottel te drink?
Hoe lank sal dit 'n kameelperd neem om op te gooi?
As jy skoon is na jy uit die stort geklim het, hoekom word handdoeke vuil?
As Cinderella se skoen perfek gepas het, hoekom het dit dan uitgeval?

As vegetarians so lief is vir diere, hoekom eet hulle die diere se kos?
Hoekom sit superglue nie in sy houertjie vas nie?
Pizza, moet nie laat ek begin met my gradeboog, passer en driehoek nie.

Dit is sulke goed wat my wakker hou in die aande.

## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881



**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Vader, Seun en Heilige Gees, ek loof eer en prys U vir hierdie dag. Dankie Here, dat U na my kyk en my liefhet. Dankie Here, dat ek kan weet dat ek weet, dat U 'n plan het vir my lewe en dat dit goed is. Dankie Here, dat U vir Jesus aan die kruis laat sterf het vir my sodat ek in U huis kan bly al die dae van my lewe. Dankie Here, dat U die Heilige Gees gestuur het om my te help met die lewe en elke aspek daarvan. Dankie Heilige Gees, dat U vir my die waarheid, Jesus openbaar in alles, sodat ek vir ewig kan lewe. Vader God, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus Christus, my Verlosser en Koning. Amen.

Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God